ds. PJ Kriel 12.03.2106

Inhoud. Die wyse waarop Christus se genade werkers en werkgewers tot 'n nuwe arbeidsverhouding verbind.

Skriflesing: Filemon

Teks Fil. vers 6 "Ek bid dat ons gemeenskaplike geloof by jou 'n deeglike insig sal bewerk dat elke goeie daad wat ons doen, tot eer van Christus moet wees."

Tema: Christus se regverdigmaking verbind werkgewers en werknemers tot die doel om tot eer van God te werk.

1.In hierdie brief van Paulus kry ons

- die nuwe wyse waarop binne die Christelike kerk met werkgewers en arbeiders binne die bediening van die evangelie gepraat word.

- die nuwe verbintenis van werkgewer en werknemer teenoor arbeid en daarom ook met mekaar as werkgewer en werknemer, binne die evangelie.

Hierdie brief gaan oor die verhouding werkgewer en werknemer. In die taal van die Bybel oor slawe eienaars en slawe. Veral oor hoe hulle mekaar hanteer wanneer die een 'n openbare misdryf gepleeg het.

Onesimus was Filemon se slaaf.

Hy het gedros nadat hy waarskynlik sy eienaar besteel het.

2. Onesimus het op een of ander manier met Paulus wat in die tronk is se paaie gekruis. Dit is na alle waarskynlikheid dat hy saam met Paulus in die tronk was as 'n medegevangene.

In die tronk het die besondere gebeurtenis plaasgevind dat terwyl Paulus 'n gevangene is, hy die evangelie aan 'n voortvlugtende slaaf verkondig het, en hy tot geloof in Jesus Christus gekom het.

Dit verwoord Paulus in vers 10 "Hier in die gevangenis het ek sy geestelike vader geword."

3. Filemon wat Onesimus se eienaar is, het ook onder die evangelie bediening van Paulus tot geloof in Jesus Christus gekom. Dit is hoekom Paulus die stelling maak dat wat Filemon as gelowige is, hy aan Paulus te danke het.

Dit was waarskynlik tydens die werk in Efese wat Filemon as inwoner van Kolosse tot geloof gekom het onder Paulus se bediening.

Nadat hy na sy huis terug is, het 'n huiskerk in sy huis ontstaan waar sy vrou Affia ook gelowig geword het en sy seun Argippus deel geword het van die bediening van die evangelie.

Die brief Kolossense is waarskynlik juis vir hierdie huisgemeente geskryf gewees en hierdie brief is toe ook aan Filemon as die eienaar van Onesimus gestuur.

4. Wat sê die Romeinse arbeidswet oor slawe wat dros?

Hulle kan en behoort summier gedood te word. Hulle is volgens wet die eiendom van hulle eienaars en hulle kan daarom sonder enige vrees vir die wet doodgemaak word.

'n Mens kan met jou goed maak wat jy wil.

Wat baie opvallend is, is dat Paulus nooit hierdie arbeidswette aanval en vir die wetlike regte van Onesimus by sy eienaar opkom of andersom nie. Paulus is nie die fasiliteerder van Romeinse wette nie.

Inteendeel. Hy wou Onesimus self baie graag in die tronk vir sy evangelie bediening gebruik het, maar erken die slawe-eienaarskap van Filemon en stuur Onesimus, wetend van die moontlike doodstraf, terug na sy wettige eienaar.

5. Daar word deur geleerdes 'n saak uitgemaak oor hoe goed Paulus in hierdie brief in die oorredingskuns sou wees om Filemon te oortuig om Onesimus as slaaf terug te vat en nie met die gebruiklike straf te straf nie.

Dit maak egter hierdie brief vals.

Dit sou beteken dat Paulus voel dat Filemon hom iets skuld omdat hy die evangelie aan Filemon gedien het en dat hy eintlik nou op sy pligsbesef en skuld sinspeel om te doen wat Paulus se wens is.

Dit maak dat dominees dan eintlik groot manipuleerders is as dit kom oor die arbeidsverhoudinge tussen lidmate wat werkgewers en werknemers is. Predikante moet mense dan wys dat hulle die kerk iets skuld vir God se genade en dat hulle hierdie skuld af werk deur te luister wat die predikant vir hulle voorskryf.

6. Dit is totaal verkeerd.

Wat kry ons in hierdie brief?

Ons kry die nuwe verbintenis wat die evangelie tussen werkgewer en werknemer maak. Daarom is Paulus nie met oorredingskuns besig nie, maar om die nuwe verbintenis van hulle tot mekaar as werkgewer en werknemer binne God se genade uit te wys.

Dit word in vers 6 gestel as gebed: "Ek bid dat ons gemeenskaplike geloof by jou deeglike insig sal bewerk dat elke goeie daad wat ons doen, tot eer van Christus moet wees."

Dit is die nuwe verbintenis van werkgewer en werknemer binne die evangelie: elke goeie daad wat ons doen, in hierdie besigheidsonderneming, moet tot eer van Christus wees.

Dit is elkeen se nuwe posisie en beide se nuwe gesamentlike verbintenis: goeie dade tot eer van Christus as Here.

7. Met hierdie nuwe grondslag vir diens, toesig en beheer is dit totaal onnodig vir Paulus om Filemon of Onesimus oor die wetlike pligte en regte van die Romeinse ryk te wys.

Daarom spreek hy nie eers die sosiale verskynsel van slawerny as sosiale onreg of sosiale euwel aan nie.

Wat is die besondere van hierdie nuwe grondslag?

Die nuttigheid van mense wat tot eer van God werk!

Die naam Onesimus beteken in die Grieks, voordelig of nuttig. Dit was ŉ gewilde slawenaam omdat hulle hulself met so naam as diensbaar en betroubaar wou voorhou. Nuttige slawe!

Onesimus was onbetroubaar en ŉ niksnut wat gesteel en weggeloop het. Nou stel Paulus dat hy vir Filemon bruikbaar is as werkgewer maar ook vir Paulus as evangelie bedienaar.

8. Wat het met Onesimus se geloof totaal buite die gesigveld geraak.

Vergoeding vir morele skuld! Verwyte oor slawerny!

Die skuld wat hy as slaaf teenoor sy eienaar het omdat hy weggeloop het. Paulus stuur Onesimus nie terug om sy saak met Filemon reg te gaan maak in die sin van om sy verhouding met God reg te maak en met God versoen te raak nie.

Onesimus is met God versoen deur sy geloof in Jesus Christus.

Hy stuur Onesimus terug omdat hy nou as mens nuttig is in die verbintenis om sy werk as slaaf tot eer van sy Here Jesus Christus te doen. Dit is hoe Paulus slawe ook in sy ander briewe oproep om vir hulle eienaars te werk.

Onesimus is nie met restitusie besig vir sy sonde nie. Hy is besig om weer sy plek as ʼn nuttige werker binne die gemeenskap op te neem.

Wat is die risiko wat hy van Filemon as werkgewer vra?

Dit is om die Here te vertrou vir wat Hy met Onesimus gedoen het: om hom ʼn deelgenoot van die geloof en daarom ʼn medebroeder, ʼn geliefde medebroeder te maak.

9. U mag hierdie nuwe verbintenis nie hoor binne die tipiese rasseprobleem wat ons elke keer in ons werkgewer en werknemer situasie mee te doen kry nie.

Dit is baie waarskynlik dat Onesimus ʼn familielid van Filemon is. Dit is hoe die Romeinse tyd gewerk het. Wanneer een familielid in onbetaalbare skuld geraak het, het hy ʼn ander medefamilielid of landsgenoot se slaaf geword om sy skuldsituasie te hanteer. Dan kon hy op hierdie manier nog vir sy gesin sorg of sy gesin bymekaar hou.

Anders is hulle aan ander een-een as slawe uitverkoop.

Werkgewers wat die risiko moet neem dat ʼn medegelowige uit en deur sy geloof tot eer van die Here sy werk wil doen! Werknemers wat hulle self uit en deur hulle geloof weer bruikbaar en nuttig wil bewys vir hulle werk!

Die risiko is om die Here vir hierdie geloof in die Here te vertrou!

Die gesindheid waarin hierdie risiko geneem moet word, is deur ʼn broederliefde. Dit is ʼn innerlike verbintenis om saam na die wet van die Here te luister en mekaar volgens die wet van die Here te eer en te respekteer omdat God hulle as sondaars aangeneem het.

10. Daarom weerhou Paulus homself as predikant om Filemon op sy plig te wys.

ʼn Predikant sonder voorskriftelikheid! ʼn Predikant en kerk wat nie plig afdwing op lidmate nie, maar in gebed ʼn beroep op ʼn gemeenskaplike geloof en liefde doen.

Daarom is Paulus nie hier besig om vir slaweregte te veg teen onderdrukkende slawe eienaars nie. Dit is ŉ gemeenskapsaak vir ongelowiges. Hy kan net op medegelowiges ŉ beroep doen om ŉ nuwe arbeidsverhouding binne ŉ nuwe geloofsverbintenis: om alle goeie dinge tot eer van Christus te doen.

Hierdie verbintenis het die slawe van die Romeinse ryk nie, ook nie die slawe eienaars van die Romeinse Ryk nie. Net die gelowige slaaf Onesimus en net die gelowige slawe-eienaar Filemon.

Daarom vra Paulus dit as een gelowige van ŉ ander gelowige!

Gee hierdie slaaf die geleentheid om in sy nuwe verbintenis tot eer van God nuttig te wees en sy werk vir God te doen en tot eer van Christus.

Want ook jy is as werknemer daarmee besig: om ŉ onderneming te dryf tot eer van Christus.

12. Ons hoor hierdie oproep moeilik omdat ons self gewoond daaraan was om werkgewers te wees.

Jy mag nie binne die geloof in Christus morele skuld verreken in arbeid nie. Jy mag ook nie probeer om van jou werk ŉ geleentheid te maak om vir jou sondes te vergoed nie.

Arbeid gaan oor die nuttigheid van hulle wat hulle werk tot eer van Christus wil doen as mense wat geen morele skuld teenoor God of hulle naaste het nie, geen arbeid as terugbetaling doen nie, maar net tot eer van Christus!

Maar wat vir werkgewers waar is, sal mos binne die Christelike broederskap ook vir werknemers waar wees!

Wat moet ŉ werknemer met ŉ werkgewer maak wat teenoor hom oortree het?

Dieselfde!

Aanvaar in die geloof dat hy deur sy geloof in die Here sy posisie as werkgewer weer wil gebruik tot eer van God, tot eer van Christus wat hom diensbaar en nuttig maak.

Dit is wat die kerk vir arbeiders moet verkondig!

Hierin moet die kerk presies dieselfde houding teenoor arbeiders inneem. Om in gebed teenoor God hierdie guns vir mekaar te vra. Om ŉ beroep op ŉ

gemeenskaplike geloof te doen waarin daar 'n vertroue in 'n gemeenskaplike liefde gestel word.

Nie deur op plig te wys nie, maar deur 'n beroep op grond van liefde te doen.

13. Waar bevind ons kerk hom binne arbeidsverhoudinge?

Dit is mos 'n geldinge en dringende vraag in hierdie tyd waarin die land brand oor arbeidskwessies!

Ek wil vir u graag die stelling maak omdat ek glo dat dit van die NG Kerk waar is, maar dit is juis 'n stelling omdat dit nie evangelie is nie!

Die NG Kerk het met die meerderheid kerke in Suid Afrika hul self totaal onnuttig en onbruikbaar gemaak vir enige arbeidskwessies!

Hoe?

Deur as die waarborg en fasiliteerder van die grondwet van die land op te tree en as die bemiddelaar van die die sosiale vraag na regstellende aksie.

14. Paulus is nie in die brief Filemon besig met die vraag na sosiale geregtigheid vir die Romeinse ryk en Romeinse burgerskap nie.

Hy is besig om te wys hoe lyk die nuwe lewe binne die geloof in Christus se genade en liefde vir medegelowiges. Daarom doen hy nie 'n aanval op die slawepraktyk van die Romeinse Ryk nie.

Want in die Romeinse Ryk is eienaar en slaaf die verhouding van mag. Die hele mag van die Romeinse Ryk was gegrondves in hierdie magsverhouding:

Om iemand te besit en te gebruik soos jy wil.

Binne hierdie magsverhouding is alle wette opgetrek en uitgevoer.

Die Kerk van Jesus Christus kan nie hierdie tipe magsverhouding of sanksioneer of fasiliteer nie. Die kerk van die Here Jesus Christus is met 'n geloofsaak in arbeid besig: goeie werk, wat regtig werk is, tot eer van Christus omdat ons vir Hom reg, en goed en heilig is.

15. Wat dink u is die regte arbeidsprobleem waarmee ons as gemeenskap elke dag worstel met stakings en betogings al rondom Levubu?

Arbeid is mag! Dit is die mag om mense jou eiendom te maak en te gebruik soos jy wil. Dit is en bly 'n slawementaliteit, nie net vir eienaars nie maar vandag juis vir arbeiders.

Arbeiders sien en glo hulle self as die eienaars van hulle werkgewer se onderneming en daarom kan hulle met die werkgewer maak en doen soos hulle wil en ook arbei soos hulle lus is.

Hulle sien arbeid as 'n mag wat weerhou kan word om werkgewers hulle gevangenes en slawe te maak.

Dit maak dat die arbeidsstryd 'n stryd word van wie besit vir wie en wie gebruik vir wie.

En hierdie stryd word deur die wette van die land gevoer!

16. Die kerk se posisie is om met die skuld van die verlede en die verwyt van rykdom, die mag van boetedoening binne hierdie magstryd te probeer bedryf.

In hierdie magstryd het die kerk 'n vennoot geword wat mense met morele skuld tot oorgawe aan God se mag wil bring: mense moet hulle self aan God oorgee, die beheer van hulle lewe aan God oorgee, God die bestuur van die land en hulle lewe gee,

wat deur die geestelikes vir hulle namens God bestuur sal word.

Paulus het nie as predikant tot die magstryd van wie besit vir wie en wie gebruik vir wie omdat wie vir wat skuldig is en vir wie moet terug staan toe getree nie.

Buite hierdie magstryd het hy 'n beroep om 'n gelowige slaaf en 'n gelowige slawe eienaar gemaak:

“My bede is dat die gemeenskap wat jy deur die geloof met ons het, jou 'n dieper insig sal gee in al die goeie dinge wat ons vir Christus kan doen of dat elke daad wat ons doen tot eer van Christus moet wees.”

Terwyl die wêreld arbeid as 'n magstryd bedryf van wie besit vir wie en wie gebruik vir wie, is gelowiges as werkgewer en werknemers met 'n nuwe wêreld besig in arbeid:

Kyk na al die goeie dinge wat ons in ons arbeid vandag vir Christus kan doen, elke werk in elke onderneming tot eer van Christus!

Hierdie arbeidsverhouding is net tussen gelowiges moontlik. Daarom kan die kerk nooit deur predikante die agent van die wette van die land word nie. Ons kan nie arbeidsverhoudinge binne die magstryd van hierdie wêreld beding nie.

Maar die valse kerk kan! Hulle is net soos almal besig deur hulle geestelikheid om mense te besit en te gebruik.

17. Die ironie van hierdie klein briefie wat Paulus aan Filemon geskryf het, is dat in hierdie nuwe verbintenis tot arbeid:

kyk al die goeie dinge wat ons in ondernemings en arbeid vir Christus kan doen, goeie werk tot eer van Christus, werkgewer en werknemer,

ʼn nuwe gemeenskap gevorm is wat 300 jaar later die basis vir die hele korrupte Romeinse Ryk geword het.

Toe hulle magsbedryf in duie stort moes hulle ʼn gemeenskap soek wat arbeidsaam anders is.

18. Hoe raak dit ons?

Ons kan nie die magsbedryf van arbeiders en ondernemers wat geld en arbeid as ʼn magstryd oor wie besit en wie gebruik vir wie, verander nie.

Die Here moet ons lei om deur hierdie magstryd heen met die wysheid te leef van hoe gelowiges met ongelowiges moet omgaan.

Dit is wat ons met elke skikking en vernadering doen in hierdie magstryd, om hulle verby te gaan en te vermy om nie ʼn party te word in wie besit en wie gebruik vir wie nie.

Maar in en daardeur is ons en moet ons met iets anders besig wees in ons arbeid: die ywer en vreugde oor al die goeie dinge wat ons in arbeid vir Christus kan doen, sonder die verwyte, skuld en oordele van hulle wat ons haat vir ons werksywer.

Wie sal u sal enige probleem met so gelowige arbeider hê: elke taak in arbeid is my ʼn goeie werk wat ek tot eer van Christus kan doen?

Wie van u kan met enige probleem met so gelowige sakeman hê, elke nuwe besigheid, nuwe onderneming is my ʼn goeie werk tot eer van die Here vir wie ek werk?

Dit is hoe ons mekaar in hierdie tyd moet vind en saam arbei tot eer van God!

Terwyl die valse kerk baklei vir menseregte en self agente van die magstryd is van wie besit vir wie en wie gebruik vir wie.

Kom ons leef deur en verby hierdie magstryd met die arbeidsvreugde: ons is geheilig en geregverdig om met arbeidsvreugde God te eer.

U moet gerus keer op keer hierdie brief deurlees. Dit is nie ’n slinkse predikant wat met skuldgevoelens sy wil afdwing nie, maar gelowiges wat saam nuut saam arbei.